

28 November

Genesis 22:1-19

(Teks: 22:1)

### ***Ons geloofseksamens***

Hoor hoe begin Genesis 22: *"Na die vorige gebeurtenisse..."*. Wat is hierdie vorige gebeurtenisse en hoekom word dit hier genoem?

Wel, ons kan sê hierdie *"vorige gebeurtenisse"* (let op meervoud) was geloofsklasse van God aan Abraham. Klasse waartydens Abraham sy eie swakheid en sondigheid leer ken het. Maar hy het God ook leer ken, die ware God wat sterk, goed en regverdig is. Die geloofsklasse vir Abraham is opgeteken in Genesis 12 tot 21.

So doen die Here ook met jou en my. Hy voed ons op deur mense, gebeurtenisse en veral deur die Bybel. Hy leer ons dat ons swak en sondig is en op Hom alleen moet vertrou.

Ons tekswoorde sê egter meer: *"God (het) Abraham op die proefgestel..."*. Dit beteken dat Abraham na 'n lang tyd en baie klasse geloofseksamens moes aflê. Waarom? Ja, nie omdat God nie geweet het hoe dit met Abraham se hart en geloof staan nie. God weet alles! Maar sodat Abraham nog beter en meer moes leer. Ons skryf almal eksamens. Dit is goed vir ons. Ons leer die meeste tydens eksamens. So is dit ook in ons geloofslewe.

Abraham het 'n baie moeilike vraestel-opdrag gekry: *"Gaan offer... vir Isak"*. Ons sien egter dat Abraham die eksamen met lof slaag. Sy kennis en vertrou die hom gehelp om reg te besluit en te doen!

Hoe gaan dit met jou en my geloofseksamens? Groei ons ook deur beproewinge en dank ons die Here daarvoor? Of kerm en kla ons en sê: *"God is onregverdig"*. Dra ons kennis en vertrou ons deur alle beproewinge en louteringe?

Sing Psalm 66:4 en 7

Dr. N.P. Heystek (Wapadrant)